

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 36**

**8 September 2024**

**WAARHEID**

**is nog steeds die waarheid – en dit maak saak (vervolg)**

**Wat doen die waarheid?**

**"…en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak" (Joh 8:32). Die enigste manier hoe ons die waarheid teenoor die leuens kan uitken, is deur die vrug daarvan. Die waarheid maak vry en die leuen bind 'n mens. Vryheid oor innerlike storms, menings, vrese en sonde beteken dat die houvas van hierdie kragte stelselmatig hul mag en invloed begin verloor soos die waarheid in ons lewens gevestig word. Dit is nie 'n kitsoplossing nie, maar eerder 'n daaglikse inkeer en oorgee aan Jesus wat as Here in ons lewens begin heers.**

**Waar vind ons waarheid?**

**"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees." (Joh 8:36)**

**a) Jesus is waarheid**

**Slegs wanneer Hy Sy regmatige plek van heerskappy in ons lewens inneem, begin ons Sy ware standvastige vryheid beleef. Sy heerskappy maak ons vry!**

**b) Jesus gebruik ouers**

**"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie"(Spr 22:6). God gebruik ouers om kinders in Sy waarheid groot te maak.**

**c) Die plaaslike kerk en sy leierskap**

**Ef 4, Hebr 13:17 en ander gedeeltes verwys na die verantwoordelikheid wat op God se Kerk en Sy leiers rus om die vrymakende Evangelie van waarheid aan mense te verkondig en hulle verantwoordelik te hou.**

**d) Deur dissipelskap**

**Volgens Mtt 28:19 gee Jesus Sy volgelinge opdrag om meer dissipels te maak en hulle te leer om die Evangelie van die waarheid te gehoorsaam.**

**Wat doen ons met waarheid?**

**"Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself" (Jak 1:22) Baie mense weet wat die waarheid is; die probleem is egter nie die kennis nie, maar wat hulle met die kennis oor die waarheid doen. Waarheid wat ons nie toepas nie, mislei ons. Bv wanneer iemand iets vir die tiende keer hoor, glo hulle dat hulle dit reeds weet. Die gevaar is dat ek dit nie toepas of glo wat ek gehoor het nie. Hierin lê die misleiding van hoogmoed. Moet geensins dink dat menslike toepassing aangemoedig word sonder Goddelike genade en die kragtige werking van die Heilige Gees waardeur ons bemagtig word om God te gehoorsaam nie.**

**God se beeld en karakter word in ons gevestig**

**Ons identitiet word gevestig deur voortdurend met God in verhouding te leef en toe te laat dat Hy Sy beeld in ons vorm. Waarheid is dan die Goddelike beeld en karakter wat Hy in ons vestig. God stel meer belang in tydsame, standvastige karaktervorming as vinnige uiterlike gedragsverandering. Maak waarheid jou beste vriend, selfs al staar jy verwerping in die gesig. Onthou jou vryheid is jou keuse en God se begeerte. Deur die Kruis is alles moontlik gemaak. – Philip Pretorius.**

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere en studente wat besig is met eksamens.

## Gebedsversoeke

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Ivy Stols |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Cedric Wiegand |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Jillian Jansen | Johan Zulch |
| • Sierie Prinsloo | Adri Botha |
| • Mia Claasen | Dewald Brink |
| • Natasha Stolz | Pieter Voigt |

## Gedagte vir die week

## Jesus is Waarheid!

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org